

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 03 Oct 2018
Page: 27

AVE: 66506.70
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

NETBAL-LIGA MOET STERKER

# ‘Min geld kortwiek SA’

**Annchen Nel**

As Suid-Afrika nie sy nasionale liga sterker maak en verleng nie, gaan netbal in die land nie verbeter nie.

Só sê Dorette Badenhorst, Suid-Afrika se Fast5-afrigter, wat onlangs saam met die Proteas in Australië en Nieu-Seeland was.

“Die intensiteit van wedstryde in die Australiese, Nieu-Seelandse en Engelse Superligas is net soveel hoër.

“Dit is moeilik vir ’n speler om aan te pas as sy nie daaraan gewoond is nie.

“Die gehalte van ons wedstryde is nie so hoog nie. As ons nie daardie intensiteit in ons eie liga het nie, moet ons dankbaar wees dat ons spelers blootstelling oorsee kry,” sê Badenhorst.

Suid-Afrika se nasionale liga is vanjaar net oor ses weke beslis.

Nege Proteas sal volgende jaar vir oorsese spanne speel.

Die ondervinding wat hulle daar opdoen, is baie waardevol, sê Badenhorst.

In Australië en Nieu-Seeland – die pasaangeërs in wêreldnetbal – is netbal ’n beroepsport en oefen die spelers vir verskeie maande saam.

Die standaard in Australië en Nieu-Seeland is so hoog dat Engeland se voorste spelers ook daar speel, eerder as in hul land.

Badenhorst het gister gesê ’n gebrek aan finansies voor die Vierhoekige reeks teen bogenoemde drie spanne het die Proteas duur te staan gekom.

“Weens ’n tekort aan geld het ons nie meer soveel nasionale oefenkampe nie. Die spelers was vir ’n week saam voordat ons na Australasië vertrek het. In daardie week is ook proewe gehou.

“Die spelers moet meer bymekaar kom sodat hulle kan saamspeel en -oefen. Hulle moet vertroue in mekaar opbou,” sê Badenhorst.

Die Proteas het in die Vierhoekige reeks nederlae gely teen Australië, Nieu-Seeland en Engeland.

Hulle moes met ’n paar nuwelinge speel omdat drie ervare senterbaanspelers nie beskikbaar was nie.

“Omdat hulle nie gewoond is aan die intensiteit van die wedstryde nie, raak hul lywe vinniger moeg.

“As ons nie nodig gehad het om spelers in die laaste twee kwarte te vervang nie (omdat hulle moeg was), kon die telbord anders gelyk het.”

Wat Maandag se Varsitybeker-eindstryd betref, meen Badenhorst Tuks is die gunsteling omdat die spelers meer ondervinding in eindstryde het.

Tuks reis na Bloemfontein vir ’n ontmoeting met die Kovsies.


Die Kovsies is ’n tweemalige Varsity-kampioen, maar was laas in 2014 in ’n eindstryd betrokke.

“Tuks het ’n baie sterk aanvallende kant. As Ine-Marí (Venter, Tuks-doel) kookwater is, is daar niemand wat haar in toom kan hou nie. En die doele is tog waar jy punte kry.

“Kovsies kan egter nie onderskat word nie en speel sterk saam as ’n eenheid,” sê sy.

Tuks en Kovsies het eergisteraand hul plekke bespreek met seges oor onderskeidelik die Madibaz en die Maties.

■ **SA spelers wat in 2019 oorsee gaan speel:** Phumza Maweni en Karla Pretorius (Sunshine Coast Lightning), Maryke Holtzhausen (Severn Stars), Sigi Burger en Shadine van der Merwe (Surrey), Lenize Potgieter (Southern Steel), Ine-Marî Venter (Melbourne Vixens), Bongiwe Msomi (Wasps) en Zanele Vimbela (Bath).



Ine-Marî Venter

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.